Navrae
Enquiries KRINGBESTUURDERS
IMibuzo

Telefoon
Telephone
IFoni

Faks
Fax
IFeksi

Verwysing
Reference 13 12 10 1
ISalathiso

PROVINSIALE ADMINISTRASIE WES-KAAP
**Onderwysdepartement**
PROVINCIAL ADMINISTRATION WESTERN CAPE
**Education Department**
ULAWULO LWEPHONDO LENTSHONA KOLONI
**ISebe leMfundo**

OMSENDBRIEF 0131/99

AAN:

HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, AREA- EN KRINGBESTUURDERS EN PRINSIPALE EN VOORSITTERS VAN BEHEERLIGGAME VAN OPENBARE SKOLE

**AANSTELLING VAN KS- EN NIE-KS-OPVOEDERS DEUR BEHEERLIGGAME BYKOMSTIG TOT DIE GOEDGEKEURDE DIENSSTAAT VAN OPENBARE SKOLE**

1. Ingevolge artikel 20(4) en (5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), soos gewysig deur die Wysigingswet op Onderwyswette, 1997 (Wet No. 100 van 1997), kan beheerliggame van openbare skole opvoeders en nie-opvoederpersoneel uit skoolfondse aanstel. Hierdie poste is nie deel van die diensstaat van die Wes-Kaap Onderwysdepartement nie en die skool is die werkgewer van sodanige personeel.

2 Ingevolge artikel 3 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word die diensvoorwaardes van sodanige opvoeders en nie-opvoeders nie deur die Minister bepaal nie en word dit ook nie in die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (RAVO) onderhandel nie. Hulle diensvoorwaardes word egter gereguleer ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet No. 75 van 1997).

3. Beheerliggame van openbare skole moet daarop let dat, met die oog op aanstellings deur die beheerliggaam ingevolge artikel 20(4) en (5) van die SA Skolewet, 'n kontrak tussen die betrokke partye opgestel moet word.

3.1 Die kontrak moet voorsiening maak vir die volgende, maar is nie beperk nie tot –

3.1.1 LBS-aftrekkings (Wet op Inkomstebelasting)

3.1.2 WVF-aftrekkings (Werkloosheidsversekeringswet)



PROJEK 166 GEBOU
HANS STRIJDOMLAAN 22
PRIVAATSAK X9114
KAAPSTAD 8000

PROJECT 166 BUILDING
22 HANS STRIJDOM
PRIVATE BAG X
CAPE TOWN

3.1.3 Prosedures ten opsigte van wangedrag (Wet op Arbeidsverhoudinge)

3.1.4 Besering aan diens (Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid en Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en –siektes) (Versekering sal deur skool self uitgeneem moet word.)

3.2 Indien skole/beheerliggame nie oor die betrokke wette beskik nie, kan dit van die Staatsdrukkery by die onderstaande adres en telefoonnommer bestel/aangekoop word:

Staatsdrukkery
Pleinstraat 90
KAAPSTAD
8001

Telefoon: (021) 465-7531

4. Die instelling van, en die aanstelling in, beheerliggaamposte is totaal die verantwoordelikheid van beheerliggame. By die opstel van sodanige kontrakte, moet hulle dus hulleself vergewis van die inhoud van al die betrokke wette wat op sodanige aanstellings/kontrakte van toepassing is.

5. Ondanks artikel 60 van die SA Skolewet, is die Staat nie aanspreeklik vir enige handeling of late by 'n openbare skool wat voortspruit uit sy kontraktuele verantwoordelikheid as werkgewer teenoor die personeel aangestel ingevolge artikel 20(4) en (5) van die SA Skolewet nie.

6. U samewerking in hierdie verband sal waardeer word.

**HOOF: ONDERWYS** (wnd)
**DATUM:** 17.11.99